Province of the
**EASTERN CAPE**
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2013

# AFRIKAANS HUISTAAL V2

**PUNTE:** **80**

**TYD:** **2½ uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 27 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies/opdragte noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

1. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy in die klas behandel het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die tipe vraag wat jy wil doen. Neem die voorskrifte by elke vraag in ag.

2. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gedigte (30)

   AFDELING B: Prosa (25)

   AFDELING C: Drama (25)

3. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE uit AFDELING A, EEN uit AFDELING B en EEN uit AFDELING C. Gebruik die kontrolelys om jou met jou keuses te help.

4. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Beantwoord ELKE afdeling op ʼn NUWE bladsy.

7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Voorgestelde tydsindeling.

   AFDELING A: ongeveer 40 minute

   AFDELING B: ongeveer 55 minute

   AFDELING C: ongeveer 55 minute

## INHOUDSOPGAWE

Hierdie bladsy sal jou help met die keuse van vrae sonder dat dit nodig is om die hele vraestel deur te lees.


| **AFDELING A: GEDIGTE**<br>**Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.** | | | |
|---|---|---|---|
| **VRAAGNOMMER** | **VRAAG** | **PUNTE** | **BLADSY** |
| 1. Sonsverduistering | Opstelvraag | 10 | 5 |
| **OF** | | | |
| 2. ʼn epistemologie van water | Konteksvraag | 10 | 6 |
| **OF** | | | |
| 3. Nuus uit die Binneland | Konteksvraag | 10 | 8 |
| **OF** | | | |
| 4. Een sprong vir ... | Konteksvraag | 10 | 10 |
| **EN**<br>**Ongesiene gedig: Beantwoord EEN vraag.** | | | |
| 5. Om te dink | Opstelvraag | 10 | 11 |
| **OF** | | | |
| 6. Om te dink | Konteksvraag | 10 | 12 |

**AFDELING B: ROMAN**
**Beantwoord EEN vraag.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Opstelvraag | 25 | 13 |
| **OF** | | | |
| 8. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Konteksvraag | 25 | 14 |
| **OF** | | | |
| 9. *Manaka Plek van die Horings* | Opstelvraag | 25 | 16 |
| **OF** | | | |
| 10. *Manaka Plek van die Horings* | Konteksvraag | 25 | 17 |
| **OF** | | | |
| 11. *Vatmaar* | Opstelvraag | 25 | 19 |
| **OF** | | | |
| 12. *Vatmaar* | Konteksvraag | 25 | 20 |

**OF**

**AFDELING C: DRAMA**
**Beantwoord EEN vraag.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 13. *Krismis van Map Jacobs* | Opstelvraag | 25 | 22 |
| **OF** | | | |
| 14. *Krismis van Map Jacobs* | Konteksvraag | 25 | 23 |
| **OF** | | | |
| 15. *Mis* | Opstelvraag | 25 | 25 |
| **OF** | | | |
| 16. *Mis* | Konteksvraag | 25 | 26 |
| *** LET WEL: Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSVRAAG onderskeidelik uit AFDELING B en AFDELING C.** | | | |

**KONTROLELYS**

Gebruik die onderstaande kontrolelys om te kontroleer of jy al die nodige vrae beantwoord het.

| AFDELING | VRAAG-NOMMER | GETAL VRAE BEANTWOORD | MERK ✓ |
|---|---|---|---|
| A: Gedigte (Voorgeskrewe gedigte) | 1 – 4 | 2 | |
| A: Gedigte (Ongesiene gedig) | 5 – 6 | 1 | |
| B: Roman (Opstel- of kontekstuele vraag) | 7 – 12 | 1 | |
| C: Drama (Opstel- of kontekstuele vraag) | 13 – 16 | 1 | |

## AFDELING A: GEDIGTE

## VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

### VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Sonsverduistering – PJ Philander**

Langsamerhand, geruisloos skuif die vlek
van skadu en verklein die sekelboog
van son tot dreigend swart die kol daar hoog
ŉ koue vreemde skemerte laat trek
wyd oor die vlakte waarvandaan, swygsaam,
ŉ vaal streep donkies met die kortste pad
oorhaastig stalwaarts swingel nog voordat
die skape blêr-blêr na die kraal toe gaan.
Oor gans die mensdom hang ŉ skaduwee
wat alle lig van God en Christus so
verduister dat Sy pad onsigbaar is.
En ons, aan hierdie duisternis gedwee,
het nie ŉ skaap se voorgevoel of glo
dat ons moet tydig Huiswaarts keer vir rus.

[Uit: *Uurglas*, 1955]

Bespreek die sonnet, *Sonsverduistering*, in ŉ opstel van 250 – 300 woorde deur aandag te gee aan die volgende:

- die UITERLIKE bou. (1 feit)
- hoe die INNERLIKE bou by die uiterlike bou aansluit. (2 feite)
- die ooreenkomste wat in die oktaaf en die sestet aangetref word, te vergelyk. (3 gemotiveerde feite)
- die funksionaliteit van hierdie ooreenkomste te bespreek. (1 gemotiveerde feit)

**[10]**

**OF**

## VRAAG 2: KONTEKSVRAAG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

**’n tipe epistemologie van water – Breyten Breytenbach**

Die hemel was somber suf van die gietende reën
skeef gearseer, gebuig deur windstrome ...
Dit was getint in vuur se kleure voortgebring uit
bliksemskigte
wat die wolke gereep en verfladder het, die fakkels
waarvan die groot waters oor die oorspoelde valleie
geslaan en oopgekloof het, en waar dié ontbloot is
het die omgebuigde boomkruine sigbaar geword in die
dieptes ...
dat jy daar kon sien saamgewriemel op die baie bergspitse
allerlei diere die marmotjies die girafs die skuifelende reptiele
oplaas getem met die peupel mans en vroue wat boontoe
gevlug het met kind en kraai. En die landerye
onder water se brandertoppe was besaai van tafels,
katels, arke, balies, kosyne, stompe, karavane, vrieskaste,
kateders, kroegtoonbanke en ’n flottielje vlotte
saamgeflans in nood en vrees vir die dood
(so glibberig, so log), waarop ’n norring vare en moere met
kroos
kon hurk terwyl hulle arpeggio’s eoniese krete
en verwyte en jammerklagte uiter, lamgeslaan
deur die wind se woede wat die waters laat rol
laat rol laat rol het ... tesame met die glinsterende
groen lyke van die verdrinktes, ’n mompeling
van dooie vleis weer en weer en weer ...

[Uit: *Die ongedanste dans,* 2005]

2.1 Toon aan hoe die titel by die inhoud van die gedig aansluit. (1)

2.2 Identifiseer die woorde wat aandui dat die reën skuins val as gevolg van die sterk wind. (1)

2.3 Lees weer reël 8.

2.3.1 Watter atmosfeer heers in dié versreël? (1)

2.3.2 Hoe verkry die digter hierdie atmosfeer? (1)

2.4 Die spreker maak van uiters beskrywende woorde gebruik.

2.4.1 Wat wou die skrywer met die woord *saamgeflans* in reël 17 bereik? (1)

2.4.2 Verduidelik die gebruik van die woord *arpeggio's* in reël 20? (1)

2.5 Toon aan hoe die woord *eoniese* (reël 20) die leser se ervaring van die mense op die vlotte beïnvloed? (1)

2.6 Verduidelik die personifikasie in:

"*lamgeslaan/deur die wind se woede wat die waters laat rol laat rol laat rol het"* (reël 21/22) (1)

2.7 Motiveer of die funksionaliteit van die leestekengebruik in reël 23 en reël 25 verskil. (1)

2.8 Motiveer waarom jy ook die woorde *"'n mompeling van dooie vleis weer en weer en weer …"* as die slotwoorde sou gebruik. (1)

**[10]**

**OF**

## VRAAG 3: KONTEKSVRAAG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Nuus uit die binneland – Peter Blum**
*Vir Dirk Opperman*

Soms in die winter as die reën sag stuif
op grasperke, dig en diep soos ’n tapyt –
as hy die rotsige bergreeks wegskuif
agter ’n misgordyn – as voor die ruit
populiere, eike en kastaiingbome
saamvloei, en ons versink in blaargroen drome
terwyl ons oor ’n ou beskawing lees –
dan gryp die onwerklikheid ons met die loop
van waters wat kalmeer, en in die gees
vou grys en sat die graafskap Surrey oop.

Soms in ’n najaarsdag se skemerty
stap ons in ’n stil straatjie en gewaar
deur ’n ou bolig, kunstig uitgesny
in vlegtende patroon van druif en blaar,
die lig van verre dae: Ons word gesluk
soos deur ’n mond; die luiterse getik
van ’n ou horlosie vervang ons ontstoke
harte se ritme in die kamerhoek,
en ons gestaltes kwyn tot stywe spoke
in die vernislaag van ’n Delftse doek.

Maar as die bergwind so rukkerig waai
en tussen ons rondkrap soos ’n stok
in ’n miershoop – in die palms blaai
nes ’n barbaar in ’n keurige boek –
dan is ons rillend buite alle mure
wat ons opstapel in redelike ure
met doel en plan –
ruik ons droogte en brand, en gerug
van sprinkaan, aardbewing en oproer
op daardie skroeiende binnelandse lug
 – dan, dan
weet ons op watter vasteland ons boer.

[Uit: *Steenbok tot Poolsee*, 1955]

3.1 Hoe het die s-alliterasie in die eerste vier reëls die stemming van die gedig beïnvloed? (1)

3.2 Watter EEN van die aangehaalde gedeeltes/reëls uit strofe 1 vorm die kern van dié strofe?

A "as die reën sag stuif op grasperke" (reël 1/2)
B "as hy die rotsige bergreeks wegskuif" (reël 3)
C "en ons versink in blaargroen drome" (reël 6)
D "dan gryp die onwerklikheid ons" (reël 8) (1)

3.3 *ons versink in blaargroen drome* (reël 6)

3.3.1 Watter beeldspraak kom hierin voor? (1)

3.3.2 Verduidelik die beeldspraak in EEN volsin. (1)

3.4 Verklaar die verwysing na *ou beskawing* (reël 7) deur die moontlike verband(e) daarvan met *die graafskap Surrey* (reël 10) en die *Delftse doek* (reël 20) aan te dui. (2)

3.5 Watter wêreld roep die verteller met sy vergelykings in strofe 3 op? (1)

3.6 Bespreek die funksionaliteit van die vergelyking in reël 22. (1)

3.7 Toon die verband tussen die titel van die gedig en reël 32. (1)

3.8 Strofe 1 en 2 se rympatrone kom ooreen. Bespreek die geslaagdheid daarvan om strofe 3 se rympatroon te laat afwyk van die ander strofes s'n. (1)

**[10]**

**OF**

## VRAAG 4: KONTEKSVRAAG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Een sprong vir... – Joan Hambidge**

Jy wil weet
waarom herstel ek nie-
want jy het my die maan,
sterre en uitspansel beloof.

Jy stuur my na die maan
en á la Neil Armstrong beweeg
ek in die lugdrukvrye atmosfeer,
karteer die kraters, die stil verwoesting
wat jy saai, plant 'n vlaggie van rekapitulasie
(dis verby, dis verby, dis ...) op die klein silw'rige planeet.

Danksy die verbinding tussen my en die lugskip van glas
genaamd poësie, keer ek weer terug na die aarde,
wys my foto's vir diegene wat wil sien,
neem stukkies maankors saam
en weet ná maande
die maan is hiér.

Jy wil weet
waarom vergeet ek nie –
omdat ek weet die maan
is beslis nie van kaas.

[Uit: *Kriptonemie:* 1989]

4.1 Wie word in die gedig aangespreek? (1)

4.2 Motiveer waarom juis die **maan** en Neil Armstrong se **maan**landing gebruik word om ʼn gebroke verhouding te simboliseer? (1)

4.3 Watter TWEE stylfigure in strofe 2 beklemtoon die beëindiging van die verhouding? (2)

4.4 In strofe 2 word ʼn wetenskaplike fout deur die digter begaan.

4.4.1 Watter fout begaan die digter? (1)

4.4.2 Watter doel dien hierdie fout in die gedig? (1)

4.5 Bepaal die verband tussen die “foto’s” en die “maankors”? (1)

4.6 Watter eienskap word aan die poësie gegee deur dit met ʼn “lugskip van glas” te vergelyk (reël 11 en 12)? (1)

4.7 Watter TWEE opeenvolgende woorde dui aan dat dit lank geneem het om die seerkry te verwerk? (1)

4.8 Verduidelik hoe die tipografie en die hele gedagte rondom Neil Armstrong se maanlanding by mekaar aansluit. (1)

**[10]**

**EN**

## ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)

Beantwoord VRAAG 5 OF VRAAG 6.

## VRAAG 5: OPSTELVRAAG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vraag wat volg.

**Om te dink – Henning Pieterse**

dat donkies dom diere is
heet dwase dikwels so
hoëlui doop hul donkies esels
wat darem deur kruising
pronk met perdebloed

as langoor dan vir Jesus
in Jerusalem presies kon
dra
waar God hom
vra
moet man en muis mos hulde bring:
o, die donkie is 'n wonderlike ding!

[Uit: *Woordreise*, 2004]

Die gedig dwing die leser om anders te dink oor die donkie.

Bespreek in 'n opstel van 250 – 300 woorde hoe hierdie boodskap oorgedra word deur na die volgende te verwys:

- verkeerde opvattings oor donkies. (3 feite)
- hoe die gebruik van alliterasie, idiomatiese taalgebruik en intertekstualiteit die teendeel bewys. (3 gemotiveerde feite)
- waarom jy nou 'n ander siening oor 'n donkie huldig. (1 gemotiveerde feit)

**[10]**

**OF**

## VRAAG 6: KONTEKSVRAAG

**Om te dink – Henning Pieterse**

dat donkies dom diere is
heet dwase dikwels so
hoëlui doop hul donkies esels
wat darem deur kruising
pronk met perdebloed

as langoor dan vir Jesus
in Jerusalem presies kon
dra
waar God hom
vra
moet man en muis mos hulde bring:
o, die donkie is ’n wonderlike ding!

[Uit: *Woordreise*, 2004]

6.1 Gee ’n voorbeeld van halfrym uit strofe 1. (1)

6.2 Wat is die funksie van hierdie halfrym? (1)

6.3 Is daar, volgens strofe 1, ’n verskil tussen ’n donkie en ’n esel? Motiveer jou antwoord. (2)

6.4 Watter ironie is opgesluit in die esels se *pronk met perdebloed?* (1)

6.5 Haal die woord uit strofe 2 aan wat daarop dui die donkie behoort vir almal goed genoeg te wees. (1)

6.6 Is die funksionaliteit van die alleenplasing in reëls 8 en 10 geslaagd? Motiveer jou antwoord. (2)

6.7 Verklaar *man en muis* en *hulde bring* in reël 11. (1)

6.8 Haal die intertekstualiteit wat in die gedig voorkom, aan. (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

LET WEL: Beantwoord EEN vraag oor die letterkundeteks wat julle in die klas behandel het.

### VRAAG 7: OPSTELVRAAG

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

Iris se lewe word deur Johanna, Iris se ma en Bettie verryk, party van hulle vanweë hulle uniekheid en ander weer vanweë hul nugterheid. Maar hoe beskeie elkeen se rol ook mag wees, almal het ŉ vormende invloed op die hoofkarakter.

Bespreek hierdie stelling in ŉ opstel van 400 – 450 woorde deur:

- die manier waarop elkeen Iris se lewe verryk het, te noem. (3 feite)
- bewyse te gee van hierdie maniere waarop hul Iris se lewe verryk het. (3 feite)
- die gevolg van hierdie verryking in Iris se lewe te bespreek. (6 gemotiveerde feite)
- te motiveer of hierdie verryking geloofwaardig was. (3 gemotiveerde feite)

**[25]**

**OF**

## VRAAG 8: KONTEKSVRAAG

### *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker

Lees die onderstaande uittreksel aandagtig deur en beantwoord die vrae.

"Met wie is jy nou besig?" het die Engel gevra.

"Ek dag jy kan gedagtes lees? Met myself, natuurlik. Die ander kon ek in ŉ paragraaf of ŉ paar sinne afmaak; ek self is meer gekompliseer."

"Ja," het hy saamgestem.

"Ek word daartoe gedwing," het ek geprotesteer. "Ek is ŉ student van homo sapiens. As ek rotte kon gebruik, het ek seker. Jy kan hulle in koue aanhou en soveel keer per dag verby die hokke loop en aantekeninge maak aangaande hulle gedrag. Ek kan nie dieselfde met mense doen nie. Ek kan ook nie marmotte in plaas van rotte gebruik nie. Marmotte dreig nie om gif te drink nie. Rotte maak nie hulle beddens nat omdat hulle nie wil hê hulle pa moet met Bettie trou nie. En die enigste eksemplaar in gevangenskap, kan jy maar sê, is ek self. Ek is te alle tye beskikbaar en gewillig om mee te doen, om ontleed te word."

"Ek het niks gesê nie," het die Engel gesê.

"Maar ek moes my motiewe verduidelik."

"Waarom?"

"Wel, omdat ek bang is jy dink …"

"Dink wat?"

Ek het geswyg. "Wat gaan ek doen?" het ek uiteindelik gevra. "Ek wou teruggaan New York toe. Ek wou weer in die strate rondloop en met Billy gesels. Hy gaan lag as hy my been sien. Hy gaan vra of die moordenaars my toe tog beetgekry het. En Joe gaan lekker kry. Hy gaan sê dis my verdiende loon, dis wat gebeur met meisies wat goue kanse, soos hy my wou gee, deur hulle vingers laat glip."

8.1 "Met wie is jy nou besig?" het die Engel gevra. (reël 1)

8.1.1 Sê waar Iris haar bevind, waarmee sy besig is en verduidelik in watter TWEE opsigte die ruimte Iris help om tot sekere insigte te kom? (3)

8.1.2 Hoe het Iris aan die Engel gekom? (1)

8.1.3 Noem 'n funksie wat die Engel in Iris se lewe vervul. (1)

8.1.4 Verduidelik of die einde van die roman beïnvloed sou wees as Iris nie die Engel in haar lewe gehad het nie. (2)

8.2 Lees reël 1 tot 13.

8.2.1 Noem die soort verteller wat in die uittreksel voorkom en spreek jou uit oor die geslaagdheid van die soort verteller in die uittreksel. (2)

8.3 Tussen watter TWEE wêrelde bevind die verteller haar voortdurend? (2)

8.4 Noem watter EEN van die TWEE wêrelde Iris aanvanklik verkies, asook die rede vir hierdie keuse. Bepaal die rede hoekom Iris deur die loop van die verhaal van keuse verander. (3)

8.5 Wat was Bettie se mening oor die verteller se blomgeleentheid? (1)

8.6 Hoe sluit haar mening by Iris se lewensuitkyk aan? (1)

8.7 As jy hierdie lewensuitkyk in ag neem, sou jy sê die slot van die boek is geloofwaardig? Motiveer jou antwoord. (2)

8.8 "Ek wou teruggaan New York toe. Ek wou weer in die strate rondloop en met Billy gesels." (reël 19 tot 21)

8.8.1 Wie is Billy? (1)

8.8.2 Wat kan jy uit reël 19 tot 21 aflei omtrent die verteller se verhouding met Billy in die lig van die destydse Suid-Afrikaanse politieke situasie? Verduidelik hoe sluit hierdie verhouding by die motto van die boek aan. (3)

8.8.3 Verduidelik kortliks waarom die verteller se kommunikasie met Billy verskil van haar kommunikasie met haar eie gesin. (2)

8.9 Watter karaktertrek van die verteller blyk uit hierdie uittreksel? (1)

**[25]**

**OF**

## VRAAG 9: OPSTELVRAAG

***MANAKA – PLEK VAN DIE HORINGS*** **– Pieter Pieterse**

Ouma Essie en Grace demonstreer praktiese geloof en tree telkens as versoeners tussen groepe op en bewerkstellig so wedersydse begrip.

Bespreek hierdie stelling in ŉ opstel van 400 – 450 woorde deur:

- te noem wat Ouma Essie en Grace se geloofsagtergrond is. (3 feite)
- bewyse te gee van Ouma Essie en Grace se geloofsuitlewing. (3 feite)
- aan te dui wat die gevolg van hierdie geloofsuitlewing as tussenganger tussen Baas, die sendelinge, die khuta en versoener tussen kulture was. (6 gemotiveerde feite)
- te motiveer of hierdie gevolge geloofwaardig was. (3 gemotiveerde feite)

**[25]**

**OF**

## VRAAG 10: KONTEKSVRAAG

### *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse

Lees die onderstaande uittreksel aandagtig deur en beantwoord die vrae.

> Die bastou breek. Die honde storm. Griesel ruk die slaaphut se deur oop, struikel na binne en klap dit toe.
>
> Oor die rivier flits weerlig. Die honde maal besluiteloos rond en gaan soek skuiling aan die windafkant van die stapel planke by die bootstellasie. Oom Scholtzie kom terug van Mubuyu af. Hy bring die paar stukkies vuurmaakhout in wat hy op die houthoop bymekaar kon skraap. Hulle oornagtasse en ander bagasie wat kan natreën, stapel hy ook onder die afdak opmekaar en hang Griesel se grondseiltjie aan die windkant as beskerming teen die dreigende storm.
>
> Nanna vat vir Griesel skoon klere en sy tandeborsel. Hy staan op sy knieë langs die bed in die slaaphut. Sy sit die goed versigtig langs hom neer. Op die trommel brand ŉ paraffienlampie. Daar is ŉ geraamde swart en wit foto van ŉ middeljarige man en vrou met ŉ jonger man tussen hulle. Aan ŉ stuk bastou teen die muur hang ŉ portret van ŉ bejaarde man met hoë wangbene, ŉ gladgeskeerde gesig en dringende oë. Die jong man op die foto lyk baie na die ou man.

10.1 Waarom kan beweer word dat die honde die verlede en hede aan mekaar verbind? (1)

10.2 Lees weer reël 1 en 2.

10.2.1 Sê waar Griesel hom bevind, hoe hy daar gekom het en hoe dit in kontras met sy beroep staan. (3)

10.2.2 Waarom is Baas nie tuis nie? (1)

10.2.3 Wat is die doel van Griesel-hulle se koms na Manaka? (1)

10.2.4 Verduidelik of die insig waartoe Baas in verband met Christenskap kom beïnvloed sou wees as die sendelinge nie na Manaka gekom het nie. (2)

10.3 Noem die soort verteller wat in die uittreksel voorkom en spreek jou uit oor die geslaagdheid van die soort verteller in die uittreksel. (2)

10.4 In reël 5 is daar sprake van ŉ bootstellasie.

10.4.1 Hoe het Baas die boot bekom? (1)

10.4.2 Wat is die eienaar se uiteindelike doel met die boot? (1)

10.4.3 Noem die rede waarom Baas nie die doel bereik het nie, asook of iemand daarvoor verantwoordelik was. Bepaal of hierdie handeling die verloop van die intrige beïnvloed. (3)

10.5 Wat is Grace se siening rondom Christenskap? (1)

10.6 Hoe sluit Baas se handelinge by hierdie siening aan? (1)

10.7 As jy Grace se siening in ag neem, sou jy sê Baas se optrede by Ouma Essie se siekbed is geloofwaardig? Motiveer jou antwoord. (2)

10.8 Lees weer reël 10 en 11.

Daar kom verskeie karakterverskille tussen Nanna en Griesel voor.

10.8.1 Gee EEN karaktertrek van elkeen om die verskil tussen Nanna en Griesel uit te lig. (2)

10.9 Lees weer reël 14 tot 16.

10.9.1 Van wie is die portret (reël 14)? (1)

10.9.2 Noem waarvoor hy aanvanklik na Afrika gekom het en waarop hierdie besoek uiteindelik uitgeloop het. Verduidelik hoe hierdie laaste handeling Baas beïnvloed. (3)

**[25]**

**OF**

## VRAAG 11: OPSTELVRAAG

***VATMAAR* – AHM Scholtz**

Daar is ooreenstemmende manlike en vroulike karakters in *Vatmaar* op grond van hulle rolle wat hul in die Vatmaar-nedersetting speel.

Bespreek hierdie stelling in ŉ opstel van 400 – 450 woorde deur:

- twee ooreenstemmende manlike en vroulike karakters in *Vatmaar* op grond van hulle rolle wat hul in die Vatmaar-nedersetting speel, te noem. (4 feite)
- bewyse te gee van ooreenkomste ten opsigte van die rol wat hul speel. (2 feite)
- aan te dui wat die gevolge van hierdie karakters se teenwoordigheid op Vatmaar is. (6 gemotiveerde feite)
- te motiveer of hierdie gevolge geloofwaardig is. (3 gemotiveerde feite)

**[25]**

**OF**

## VRAAG 12: KONTEKSVRAAG

***VATMAAR* – AHM Scholtz**

Lees die onderstaande uittreksel deeglik deur en beantwoord dan die vrae.

Hulle moes al hulle goed vat en voor twee mans op bicycles uit dra. Jakob Kierie het agter saam met die wit poelisieman geloop. By die poeliesstasie het die sersant gevra: What is the charge?

Let us search them first, sê die poelisieman. One of their sort says that they have a diamond to sell.

Siesie Lena kon dit verstaan, maar Bet en Flippus het net die woord “diamond” geken.

Hulle is oor en oor deurgesoek. Jakob Kierie was baie seker dat hulle diamante by hulle het en hy het aanhou sê: Baas, ek het die diamante gesien.

Nee, het Siesie Lena gesê, Sir, ons het net die trein Kimberley toe kom vat en van daar af Postmasburg toe.

Toe hulle niks kry nie, roep die sersant sy vrou, want hy was seker dat die diamante onder die lelike lappe op Bet se rok vasgewerk was.

Come! sê die sersant se vrou en maak die deur toe. Sy bevoel die lapplekke. Toe maak sy die deur oop en roep: Manuel!

Die bruinman kom deur toe en sy sê: You look.

Sy gee vir hom die rok aan en maak weer die deur toe. Hy het gevoel en gekyk en seker gemaak daar is niks in nie. Die hele tyd het Jakob Kierie na die speurder se hande gekyk sonder om ’n oog te knip, want hy was lekker getrek.

Siesie Lena was klaar deurgesoek. Die sersant se vrou sê toe vir haar: You go. Sy het Bet haar rok laat uittrek. Dit was baie vuil en sy het dit op die vloer neergegooi en gesê:Sit on the bench. (Voor die witvrou haar aangesê het om te gaan, moes Siesie Lena ook op die bank sit.)

Bet het geweet wat om te verwag. Sy het opgestaan en gesê: Miesies, ek het my maandsiekte. Toe het sy haar hande saamgeslaan soos iemand wat bid en weer gesê: Miesies. En toe gehuil: Ek het my maandsiekte.

Die sersant se vrou kon sien Siesie Lena verstaan Engels en sê: Let the other woman come here. What does she say? vra sy vir Lena.

12.1 Sê waarheen hierdie karakters op pad is, waarom hul daarheen gaan en in watter opsig die ruimte help om die tema van lyding uit te beeld? (3)

12.2 Watter verkeerde daad het Oom Flip gepleeg? (1)

12.3 Waarom is dit korrek om te sê Siesie Lena was nie opreg met haar bedoelings teenoor Bet nie? (1)

12.4 Verduidelik in EEN volsin hoe die werksomstandighede van Bet en Siesie Lena verskil het. (2)

12.5 Verduidelik of Bet se lewensverloop sou verskil het as hierdie voorval nie plaas gevind het nie. (2)

12.6 Noem die soort verteller wat in die uittreksel voorkom en spreek jou uit oor die geslaagdheid van die soort verteller in die uittreksel. (2)

12.7 Noem die redes wat Siesie Lena en Bet aangevoer het sodat hulle hul werkplekke kon verlaat om hul plan uit te voer. (2)

12.8 Noem wat die werklike rede was waarom die groep die diamante wou bekom en motiveer of hulle in hul doel geslaag het. Wat was die gevolg van die inhegtenisneming? (3)

12.9 Motiveer waarom hierdie gevolg ongeloofwaardig is wanneer jy die tydperk waarin die roman afspeel, in ag neem. (2)

12.10 Hoe pas hierdie groep se handeling by die titel van die boek? (2)

12.11 Jakob Kierie het agter saam met die wit *poelisieman* geloop.

12.11.1 Wie was Jakob Kierie? (1)

12.11.2 Waarom loop hy nie saam met die groep nie? (1)

12.11.3 Wat kan jy ten opsigte van sy verhouding met die groep hieruit aflei? Verduidelik hoe hierdie handeling verskil met dié van oom Flip. (3)

**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

**OF**

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord EEN vraag.

LET WEL: Beantwoord EEN vraag oor die dramateks wat julle in die klas behandel het.

### VRAAG 13: OPSTELVRAAG

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

Dramas het ŉ vaste struktuur.

Bespreek hierdie stelling in ŉ opstel van 400 – 450 woorde deur:

- die fases in die korrekte volgorde te noem. (6 feite)
- elkeen van hierdie fases met ŉ voorbeeld uit die drama toe te lig en te verduidelik waarom die voorbeeld geslaagd is. (6 gemotiveerde feite)
- kommentaar op die oop slot van die drama te lewer. (3 gemotiveerde feite)

**[25]**

**OF**

## VRAAG 14: KONTEKSVRAAG

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

Lees die onderstaande teks aandagtig deur en beantwoord dan die vrae.

*Blanchie, Maud en Cavernelis in hulle flat.*

MAUD (*gooi haar hande op*): Well, so there you have it!

CAVERNELIS (*heeltemal uit die veld geslaan*): Maar... maar Maudie... Blanchie...

*Blanchie, met 'n stuk papier – 'n brief in haar hande. Sy huil.*

BLANCHIE: 'Is nie wáár nie...

MAUD: Maar'it is wáár! You've read the letter, my dear...Now stop crying, sweetheart, crying won't help...

*Blanchie huil.*

CAVERNELIS (*hulpeloos*): Maar... ek het nie gekan dink...

MAUD (*wreed*): Maar jy't nooit gekan enigiets nie, Cavernelis-darling! Of course het jy nie gekan dink... (*Sy lag, sinies*. *Cavernelis bek-af.*) Blanchie, that's life, my sweetheart... that's people, man... You trust them, you trust them, you do things for them, an' they fuckinwill just dump you, like that! (*Sy beduie.*) Trust me, I've been through it all...

CAVERNELIS: Die vuilgoed...

MAUD: ... when they've used you, that's it... Maar ek het vir jou gesê, sweetheart, those white dandies, die klomp fashion-moffies... hulle sil vir jou use tot lat hulle jou klaar ge-use het, en dan... dúmp hulle vir jou... Next pretty girl in the queue, please...

CAVERNELIS: Die vuilgoed... En hoekom net... nóú...

MAUD: In the queue, in the béd... I know the swine, sweetheart! All the sweet talk, all the promises, while hulle jou use vir hulle eie purposes...

BLANCHIE (*snikkend*): Daddy... Antie Maud...

CAVERNELIS: Maar hulle't gesê... gebelowe... jy gaan Paris toe...

MAUD: Shit, Cavernelis-darling, "gesê", "gebelowe"... That's no contract, my dear! An' even contracts are cheap! It all depends on whom you're dealing with! Ek het vannie begin af gewiet...

CAVERNELIS: Okay, Maudie...

MAUD: Okay wat!... So, jy't rêrig gedink Blanchie gaat Paris toe! En lat die geld sal kom? (*Lag sinies.*) You must be joking, Cavernelis-darling!

CAVERNELIS: Maar...

MAUD: No, my dear, 'it werk nie so nie... Comes the next pretty face, prettier than this one,an' there goes this one... Promises are cheap! That's how those gentlemen operate, Cavernelis-darling... Het jy nie gewiet nie?

14.1 Lees reël 1.

14.1.1 Verduidelik hoe dra dié ruimte by tot Maud se werklike ontsteltenis van die gekanselleerde kontrak? (2)

14.1.2 Hoe het Maud haar verhewendheid teenoor die gemeenskap gewys? (2)

14.2 Maud het min simpatie met Blanchie. Skryf ʼn sin neer om dit te bewys. (1)

14.3 Noem waarvan Cavernelis, volgens Maud, vas oortuig was, wat die verkryging van die kontrak vir die Cavernelisse sou beteken en of Cavernelis se verslaentheid geloofwaardig is. (3)

14.4 Sou dit ʼn verskil gemaak het as Blanchie ʼn skriftelike kontrak met die modelagentskap gehad het? Motiveer jou antwoord. (2)

14.5 Gee TWEE redes, volgens Maud, waarom Blanchie nie die kontrak gekry het nie. (2)

14.6 Verduidelik die oorsaak waarom Blanchie by vriendskappe oor die kleurgrens en skoonheidswedstryde betrokke geraak het en wat die gevolg hiervan vir die Cavernelisse was. (3)

14.7 Waarvoor was die skoonheidswedstryde eintlik ʼn dekmantel? (1)

14.8 Waarom skep die gemeenskap se kennis van Blanchie se leefstyl, spanning in die drama? (1)

14.9 Waarom is Blanchie se naam ironies? (2)

14.10 Wat bedoel Maud as sy verwys na “You and the Sunday newspapers”? (1)

14.11 Verdedig Cavernelis en Blanchie teen Maud se beskuldiging van “Yes, you and your daddy! All for the money, all for the money, the money ...!” (2)

14.12 Hoe ontsnap Cavernelis uit hierdie situasie, verduidelik hoe dit verband hou met die tema van uitsigloosheid en watter verband hierdie handeling het met antie Grootmeisie se slotwoorde. (3)

**[25]**

**OF**

**VRAAG 15: OPSTELVRAAG**

***MIS* – Reza de Wet**

Dramas het ʼn vaste struktuur.

Bespreek hierdie stelling in ʼn opstel van 400 – 450 woorde deur:

- die fases in die korrekte volgorde te noem. (6 feite)
- elkeen van hierdie fases met ʼn voorbeeld uit die drama toe te lig en te verduidelik waarom die voorbeeld geslaagd is. (6 gemotiveerde feite)
- kommentaar op die oop slot van die drama te lewer. (3 gemotiveerde feite)

**[25]**

**OF**

## VRAAG 16: KONTEKSVRAAG

***MIS* – Reza de Wet**

Lees die onderstaande uittreksel deeglik deur en beantwoord dan die vrae.

MIEM (*kwaai*): Gertie, kom weg daar by die venster en trek die gordyne toe. ʼn Mens weet nooit wie vir ons kan staan en loer nie.

MEISIE: Dink Ma so? Dink Ma daar's iemand daar buite?

MIEM: Kan wees. ʼn Mens weet nooit. (*Gerusstellend*) Maar moet jou tog net nie ontstel nie. Dan slaap jy weer sleg. Ek is seker jy hoef nie bang te wees nie. Wagter sal ons darem waarsku. En dan is daar natuurlik die konstabel.

*Die konstabel se stok val. Gertie tel dit vinnig op en gee dit vir hom.*

GERTIE: Daar's hy, Konstabel!

KONSTABEL: Baie dankie, Juffrou.

GERTIE: Dit is ʼn plesier, Konstabel. *(Giggel. Sien vir Meisie wat ʼn sak op die stapel sit)* Die arme kind wat so laat moet werk … Sy is seker doodmoeg … Ek dink sy behoort te gaan slaap. Is jy moeg, Meisie?

MEISIE: Ja, ek is.

GERTIE: En jou ma is ook glad nie gesond nie. Sy het ook haar rus nodig. Miem, hoekom gaan slaap julle twee nie? Ek sal die konstabel vir ʼn rukkie geselskap hou.

MIEM *(onwillig):* Nou ja, dit is seker laat. En môre moet ek douvoordag op wees om ʼn ogie te hou *(wys na die sakke)* oor die misbesending. Sien ons u môreoggend, Konstabel?

KONSTABEL: Ek is jammer, maar na twaalf is ek weer vort.

MIEM: Ja, dan is die gevaar seker verby. U moet tog hier kom inloer as u in die distrik is.

KONSTABEL: Ek sal, Mevrou. Dankie vir u gasvryheid.

MIEM: En dankie vir u hulp, Konstabel. Sonder u sou ons nie ʼn oog kon toemaak nie.

KONSTABEL: Dit is my werk, Mevrou.

MIEM: Sê nag vir die konstabel, Meisie.

MEISIE *(skaam)*: Nag.

KONSTABEL: Goeienag.

MIEM: Nou dan gaan ons maar, Konstabel. Ek hoop ons sien u gou weer.

16.1 Waarna het Gertie staan en kyk? (1)

16.2 Wat suggereer hierdie handeling van Gertie? (1)

16.3 Verduidelik die kontras tussen dit waarna Gertie kyk en die ruimte waar die hoofgebeure afspeel. (2)

16.4 Watter karaktertrekke van Miem kom uit bostaande uittreksel na vore? (2)

16.5 Herlees spreekbeurt 2.

Verduidelik die dramatiese ironie in Meisie se woorde *"Dink Ma daar's iemand daarbuite?"* (2)

16.6 Verduidelik wat die oorsaak van Miem se antagonisme teenoor die sirkus is, motiveer waarom dit geloofwaardig is en sê wat die uiteindelike gevolg van hierdie antagonisme was. (3)

16.7 Lees die neweteks in reël 8.

16.7.1 Wat suggereer hierdie handeling oor Gertie se houding teenoor die konstabel? (1)

16.7.2 Watter verband hou die gesprek hierna met die tema van bevryding en lewer kommentaar op die geslaagdheid van hierdie bevryding. (3)

16.8 Wat is die rol van die konstabel in die drama? (1)

16.9 Noem hoekom Miem onwillig is om te gaan slaap en waarom hierdie onwilligheid spanning in die drama skep. (2)

16.10 Waarom is Miem en Meisie die broodwinners? (1)

16.11 Hoe maak hulle ʼn bestaan? (1)

16.12 Beskryf hoe hierdie bestaan Meisie benadeel en hoe sy dit beveg. Lewer kommentaar of hierdie handeling enigsins suksesvol is. (3)

16.13 Herlees die laaste spreekbeurt: "Ek hoop ons sien u gou weer."

Is hierdie wens van Miem later vervul? Verduidelik. (2)

**[25]**

**TOTAAL AFDELING C: 25**

**GROOTTOTAAL: 80**